

# Die HERE openbaar sy genade aan 'n Fariseër

---

## *Die Kerk in die spieël van Jona*

**Dr AH Bogaards**

**2017**

### **Preek 1**

Lees: Jona 1; 4:2; 2 Konings 14:24

Teks: Jona1:1-3; 4:2 (Reeks Jona nr. 1)

Datum: 19 Februarie 2017

Psalms: Ps 89:1,6; 25:1,2; 86:1,3,5; 86:6,7,8,9; 98:1,2

## **1. Inleiding**

Die **groot boodskap** van Jona is: **Die HERE openbaar sy genade aan 'n Fariseër.**

Wanneer mense aan die boek Jona dink, dink hulle meestal aan Jona en die groot vis.

Maar die groot tema van Jona is nie die **groot vis** nie, maar die HERE se **groot genade.**

En daardie groot boodskap word saamgevat in die woorde van **Jona 4:2: Die HERE 'n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil.**

Die HERE se groot en heerlike Naam word dus in die boek geopenbaar: Wie en Wat Hy is.

Maar dit gaan nie net oor 'n groot vis en oor groot genade nie. Dit gaan ook oor 'n **groot Fariseër**, Jona. Daarin was Jona 'n **spieël van die kerk** in sy tyd. Jona en die volk wat hy afgebeeld het, was blind vir hulle eie sondigheid. Hulle het gemeen dat hulle God se genade verdien.

'n Bekende uitspraak van Luther laat ons sien hoe aktueel hierdie boek vir ons is. Hy het naamlik geskryf: As jy jouself oopsny, sal daar 'n pous uitspring. 'n Fariseër. Iemand wat die genade van God verdien.

Die Nuwe Testament gee die Fariseër in ons nog 'n ander naam: die **ou mens**. Teen die ou mens, die Fariseër in ons, het ons 'n lewenslange stryd.

In Jona “sny” die HERE die kerk “oop”, om nou maar Luther se taal te gebruik. Hy vlek ons sondigheid en behoefte aan genade oop. Jona en die kerk kry in hierdie boek 'n les in die praktyk en die lewensles is dit: Die heil behoort aan die HERE (Jona 2:9) – ons verlossing is net sy werk.

Ons staan stil by die volgende gedagtes:

1. Die Woord van die Here kom tot Jona en die kerk;
2. die inhoud van die Woord; en
3. Jona se reaksie (sy antwoord) op die Woord

## 2.1. Die Woord van die Here kom tot Jona en die kerk

Jona het opgetree in die tyd van Jerobeam II, koning van die Israelitiese tienstammeryk.

In II Konings 14:25 hoor ons naamlik dat Jona aan Jerobeam II voorspel het: Die gebied van sy ryk sal uitbrei tot die grense in die dae van Dawid en Salomo. ***Want die HERE het gesien dat die ellende van Israel baie bitter was en dit met almal sonder uitsondering gedaan was en Israel geen helper gehad het nie. En die HERE het nog nie gespreek dat Hy die naam van Israel onder die hemel sou uitdelg nie; daarom het Hy hulle verlos deur Jeróbeam, die seun van Joas.***

En dit was nou **suiwer genade-prediking**. Daarvan het Jerobeam en Israel heeltemal niks verdien nie. Want direk voorafgaande aan die genadeprediking oor die grondgebied hoor ons: ***En Jerobeam II het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE, hy het nie afgewyk van al die sondes van Jeróbeam, die seun van Nebat, wat Israel laat sondig het nie.*** (v24)

Israel se geestelike gesteldheid kan in twee begrippe beskryf word: **hoogmoed** en **valse gerustheid**.

Dit leer ons uit Amos en Hosea, tydgenote van Jona. **Amos** beskryf sy volksgenote as sorgeloses en gerustes (Amos 6:1). Oor die oordeelsdag was hulle nie besorg nie, want hulle was blind vir

hulle eie sondeskuld (Hos. 12:9). In hoogmoed het hulle neergesien op die heidendom. Hulle het gemeen: Die oordeel van die dag van die Here is vir die heidene bedoel.

Maar – intussen het die ongeregtheid welig in Israel getier. Aan die eenkant het hulle huigelagtig geroep: *My God, ons, Israel, ken U*, aldus Hosea 8:2. Aan die anderkant egter is oral die Baäls aanbid en in Bet-el en Gilgal het die kalwerdiens gefloreer.

Uit die verdere verloop van die geskiedenis het dit ook geblyk dat **nóg die genadeprediking** van Jona in 2 Konings 14, **nóg die oordeelsprediking** van ander profete **enige indruk** op die volk gemaak het. Hulle was stokdoof vir die Woord.

Teen hierdie donker agtergrond het *die Woord van die HERE tot Jona ... gekom* (v 1). Dit beteken: Jona het 'n bevel van die HERE Self ontvang. Sy gesagvolle Woord het tot Jona gekom.

En

## 2.2. die inhoud van die Woord aan Jona

was: *Maak jou klaar, gaan heen na die groot stad Ninevé en preek daarteen* (v 2a). Preek *daarteen*. *Daarteen* wil sê: Dit gaan oor oordeelsprediking. In Jona 3:4 word die gerigswoord nader omskrywe: *Nog net veertig dae en Ninevé word verwoes*.

Die HERE laat ook **die rede** vir die oordeel oor Ninevé hoor: *Want hulle boosheid het opgestyg voor my aangesig*. (v 2) Ninevé se verskriklike sondigheid word met 'n treffende beeldspraak beskryf: Sonde is gestapel op sonde en die top van die sondeberg het opgestyg tot voor die aangesig van die HERE. Ninevé se sonde was só erg geword dat die HERE dit nie langer meer kon duld nie. Om 'n Afrikaanse idioom te gebruik: Hulle boosheid was ten hemel skreiend. Dit het na die hemel geroep om straf. Die sonde het gestink tot in die hemel, vertaal iemand, nie 'n brandoffer nie, maar 'n brandoffer van sonde. Die sonde gaan nie ongesiens by God verby nie – ook ons s'n nie.

Ninevé was 'n uiters goddelose stad. Jona 3:8 praat van hulle *verkeerde weg* en van *die onreg wat aan sy hande kleef*. Die profeet Nahum noem Ninevé die bloedstad, die stad wat enkel en alleen bedrog is, wat vol geweld is, terwyl die rowery nie ophou nie (3:1).

Ninevé was die kulturele en godsdienstige hoofsentrum van die opkomende wêreldryk, Assirië. In hulle opgang as wêreldmoondheid het hulle die oorwonne lande op die vreeslikste wyse geplunder

en Ninevé verfraai met die skatte wat oral geroof is. Hulle was bekend as die wreedste volk van daardie tyd. Op hulle veldtogte het die bloed letterlik gestroom. Een van hulle konings spog in 'n inskripsie oor die genadelose wreedheid van sy veldtogte: **Ek het die bergtoppe bestorm en dit geneem. In die midde van die magtigste gebergtes het ek hulle geslag; met hulle bloed het ek die berg rooi gekleur soos wol ... Die koppe van hulle krygers het ek afgekap en dit in 'n pilaar voor hulle stad opgestapel; hulle jongmanne en meisies het ek met vuur verbrand.** Jesaja noem ook nog afgodery en buitengewone trots as sondes van Assirië (10:5-19; 26:18-20).

En tog, en tog, en - nogtans is God nog lankmoedig met Ninevé. Hy stuur sy gesant, die profeet Jona, na hulle toe om vir hulle te preek. God is baie lankmoediger as ons (vgl Jona 4:2). Ons is gou om ander te verdoem en te veroordeel en die rug op hulle te draai. Ons kom vinnig op die punt: Nou het ek genoeg met hom of haar gepraat. Ons begryp so min van die Woord van die Here Jesus: **Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering.** (Mt 9:13) Ons het ook so min sondebeseft – ek bedoel: beseft van **ei**e sondes. Ander se sondes sit ons graag onder 'n vergrootglas, vir ons ei e sondes is ons blind.

### 2.3. Jona se reaksie op die Woord

'n Mens sou verwag dat dit vir Jona as goeie Israeliet heerlik moes wees om Ninevé die oordeel van God aan te sê. Assirië het immers 'n groot bedreiging vir Israel ingehou.

Jona se reaksie op die woord van die HERE is egter skokkend: Hy vlug.

In hoofstuk 4:2 gee hy sy rede: **Ag, HERE, het ek dit nie gedink terwyl ek nog in my land was nie? Daarom het ek tevore na Tarsis gevlug; want ek het geweet dat U 'n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil.**

Ja, hy het dit in sy Bybel, in Eksodus 34:6 en 7 geles: **HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe ...**

Maar - hy gebruik die Bybel as motivering vir sy sonde. Die karakter van die HERE noem hy die oorsaak van sy ongehoorsaamheid. **Ag**, ek het geweet dat U 'n genadige God is ... **Ag** – hierdie **ag** is 'n sug, 'n klag. Hy sug oor die evangelie, hy kla oor die HERE se genade ...

Hy het presies geweet hoe sy God is. Daarom het hy ook presies geweet wat **die HERE se doel was met sy oordeelsprediking**: om goddeloses te bekeer en dít - dít verdien Nineve nie! Min begryp vandag nog die doel van God se oordeelsprediking en straf.

In sy optrede spieël Jona sy volk af. In hom sien ons die hele kerk van sy tyd in hulle hoogmoed staan en in hulle vertrouwe op hulle eie verdienste. In Jona sien 'n mens 'n voorloper van die Fariseërs. Ook die Fariseërs het hulle bloedig vererg, omdat Jesus Hom met tollenaars en hoere bemoei het. Maar so gaan dit: Mense wat blind is vir hulle eie sonde en daarom geen behoefte het aan genade nie, gun dit ook nie aan ander nie. So 'n kerk stagneer en leef nie na buite nie.

Daarom gaan die HERE Israel nou deur hulle verteenwoordiger leer hoe min hulleself reg op God se heil het. In Jona toon die HERE aan sy kerk 'n portret van hulle eie onwaardigheid.

Want kyk maar **wat doen Jona**. Hy is ongehoorsaam aan die uitdruklike Woord van die HERE: In plaas dat hy na Ninevé gaan, vlug hy in presies die teenoorgestelde rigting. Hy moet **oos** gaan, maar hy gaan **wes** – radikaler kan dit nie. Die volmaakte Jood is volmaak ongehoorsaam.

**Hy vlug van die aangesig van die HERE af weg** (v 3). Dit is veelseggende woorde. Dit is 'n beskrywende beeld van die kerk van Jona se tyd. Om voor die aangesig van die HERE te staan, beteken: om in sy diens te staan. Om te vlug van die aangesig van die HERE af weg beteken: om die diens op te sê, om die amp neer te lê. Jona dros. Dit staan boonop **twee maal** in vers 3: **van die aangesig van die HERE af weg**. Met die herhaling word die erns van sy sonde onderstreep. Jona die profeet, Jona die kerkman, Jona die lid van die uitverkore volk van God – ook hý onderwerp hom nie aan die gesagvolle Woord van die HERE nie.

Reeds aan die begin word aan Jona getoon hoe nodig ook hy self die genade en barmhartigheid van God het. Jona is in sy ongehoorsaamheid en ampsversaking 'n spieël in vlees en bloed, waarin die kerk homself moet spieël.

Ek vestig weer u aandag op Jona se profesie aan Jerobeam II en die Israelitiese Tienstammeryk in II Kronieke 14:25: Die gebied van sy ryk sal uitbrei tot die grense in die dae van Dawid en Salomo. Dit was genadeprediking. Israel met hulle goddeloosheid in daar tyd het heeltemal niks daarvan verdien nie. Maar – daardie genadeprediking het geen vrug opgelewer nie.

Dit sluit aan by Hosea 12:9. Daar hoor ons Efraim sê: **Tog het ek ryk geword, ek het vir my 'n vermoë verwerf. Alles wat ek verwerf het, is nie genoeg om op my enige sondeskuld te lê nie.**

Daarmee wou hulle sê: Die profete kan maar sê wat hulle wil, maar uit ons welvaart is dit duidelik dat die HERE tog nie so ongelukkig met ons is nie. Dit was hulle reaksie op God se genadebewyse aan hulle; so het hulle misbruik gemaak van sy lankmoedigheid.

Dit staan in skrilte kontras met Ninevé, wat hulle op die oordeelsprediking van God wel sou bekeer.

Die reisgeld moes 'n aardige bedrag beloop het. 'n Reis na Tarsis het ongeveer ses maande geduur. Ongehoorsaamheid kos duur. Sonde verwoes ons na liggaam en siel. Salig is ons as ons insien: Die reisgeld is te hoog - want uiteindelik kos dit ons ons siel.

Keer dan terug na God! Maar is die reisgeld vir die terugpad nie baie hoog nie? Ja, ontsaglik hoog! Ons kan dit nie betaal nie, maar Christus het dit vir ons met sy kosbare bloed betaal. Gaan dan as verlore sondaar op die skip van genade, wat vaar onder die vlag van die kruis - sê iemand so mooi. Die genadegeld van die bloed van die Lam is wat ook die kerk nodig het.

### 3. Slot.

Calvyn sê verskeie male dat ons die heidene moet sien as 'n spieël waarin ons onself kan sien: hoe ons sou gewees het as dit nie vir God se genade was nie!

Die enigste verskil tussen die kerk en die heidendom lê opgesluit in een woordjie: genade. Deur God se genade is ons wat ons is.

- Eers wanneer ons ons eie sondes ken, kom daar by ons 'n verwondering oor God se genade vir ons.
- Eers dan verstaan ons waarom God met heidene en met tollenaars, hoere en sondaars bemoeienis maak.
- Eers dan gun ons ook hulle die genade van God. AMEN.